

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 204

(April 1986)

Christus in aantog – WEDERKOMS –

* * * * *

"Hy wat dit alles getuig, sê:

Ja, ek kom gou!"

(Openbaring 22:20)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Wederkoms: Vertraag of teëgehou

Reeds toe Jesus op aarde was, het Hy gesê:

Die wederkoms van Christus is *NABY!*

En nog stééds verkondig die kerk — vir 2 000 jaar al:

"Die **wederkoms** is *NABY*."

Onmiddellik voel jy die probleem aan: Hoé is dit moontlik dat die wederkoms NABY kan bly vir bykans 2 000 jaar? Dit klink tog onwaarskynlik — selfs onmoontlik?

Kom ek maak drie opmerkings hieroor:

- Wat vasstaan is dat God *nie* die belofte van die wederkoms vertraag nie ... die Here stel dit nie uit nie. Ons lees dit in 2 Petrus 3:9. Gaan lees dit gerus. Petrus sê: God stel nie uit nie . . . God vertraag nie — want 1 000 jaar is vir Gód soos 'n dag en een dag soos 1 000 jaar. Naby vir ons is dus nie noodwendig net só vir God nie. Intendeel, sê Petrus — God vertraag nie die wederkoms nie, maar "Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer."

Sien jy God vertraag nie, maar gee geduldig aan ons genadetyd om nog die Evangelie van verlossing in Christus te glo en tot bekering te kom.

Dus: Die wederkoms word nie VERTRAAG nie.

- **Paulus sê in 2 Thessalonisense 2:7 dat die wederkoms TEË GEHOU word. Iemand of iets hou dit teë. Daar is twee teëhouers:**

Die ongelowige wat nie tot bekering kom nie . . . én die Antichris.

Hulle probeer alles in werking stel om God se Woord en kerk te vernietig. Hulle hou teë sodat Christus nie moet kom nie want die Satan en sy magte weet: As God kom, is dit vir hulle 'n ewige dood en hel. Natúúrlik sal hulle alles doen om die wederkoms teë te hou.

Dus: God vertraag nie die wederkoms van ons Here Jesus Christus nie. Dit word teëgehou deur Satan en sy trawante. Maar nog stééds is die wederkoms naby.

- En onthou: Naby is baie relatief. Want . . .

As jy 100 km moet *stap*, is dit *vé*r. Met 'n motor is 100 km egter naby:

Duisend km per motor is ver — met 'n vliegtuig naby.

Afhangende van die *krag* waarmee jy die afstand moet oorbrug, is iets ver of naby. As die Bybel nou sê dat die wederkoms *naby* is, beteken dit doodeenvoudig:

Die krag waarmee die wederkoms in aantog is, nl. God se Heilige Gees, is so kragtig, dat dit *NABY IS*. Immers, só naby — dis in jou hart — daardie *vaste* wete:

Christus leef!

Hy is Koning!

Hy kom wéér — deur die krag van sy Heilige Gees.

Daarom: Vir die gelowige *is* die wederkoms naby — deur die krag van God se Gees in jou lewe!

Ds. Nico Ligthelm

Tekens van die wederkoms

(1 Thess. 4:16 & 17)

Baie is al gesê en geskrywe oor die tekens van die wederkoms.

Ons lees in die Bybel van die valse christusse en die verleiding en haat om die naam van Jesus (Matt. 24:5 en 8).

Ons lees van oorloë en gerugte van oorloë, hongersnood en aardbewings (Matt. 24:6 - 7).

Ons lees van natuurrampe, en verandering in die natuur, van son en maansverduistering (Matt. 24:30).

Ons lees van die groot afval, die openbaring van die Antichris, en die groot wetteloosheid (2 Thess. 2:3 en 7).

Ons lees van die mag van Satan en die geloofwaardigheid van die leuen (2 Thess. 2).

Maar al hierdie tekens is reeds besig om plaas te vind.

Die tekens wat egter die wederkoms aankondig, kry ons in 1 Thess. 4:16 & 17.

- Die Here self daal neer vanuit die Hemel.
- Hy self roep.
- Met die stem van 'n aartsengel.
- Met die geklank van die basuin van God.
- Die ontslape gelowiges staan op uit die grafte.
- Ons wat oorbly word in wolke weggevoer, die Here tegemoet.

'n Sestal tekens wat die laaste dag sal aankondig. 'n Sestal tekens wat dan sal sê — kyk alles is verby, en **Ek maak alles nuut!**

Die tekens sal deur almal gesien en gehoor word. Dit is tekens wat die oog en die oor nie sal verbygaan nie.

Die Here keer terug as die oorwinnaar! Soos Hy die dissipels daar op die berg verlaat het, so keer Hy terug. Die Triomfator! Die Koning van **alle tye!**

Hy self roep! Hy roep die wat aan Hom behoort, Hy roep Sy eie kudde. Selfs die wat in die graf is sal Sy stem hoor (Joh. 5:25-28). Die stem van die goeie Herder wat kom om Sy skape te lei na die ewige geluksaligheid.

Die stem van 'n aartsengel! Hy roep die wat dood is, hy roep die wat slaap, hy roep almal. Die stem van 'n aartsengel — dit is die teken vir die wat ontslaap het om op te staan (1 Kor. 15:52).

Die geklank van die **Basuin van God!** God se basuin sal weerklink deur die ganse skepping. Die klank is die teken van 'n totale verlossing. 'n Verlossing dat die Seun van die mens gekom het om te haal en uit te lei na 'n nuwe hemel en aarde!

Die ontslapenes staan op en die wat oorgebly het in die lewe — **saam Jesus Christus tegemoet. Saam die lewe in Jesus Christus in.**

'n Sestal tekens wat so baie sê en so baie beteken!

Tekens wat nie deur mense gemaak is nie, maar wat God self gebruik om te sê:

JESUS KOM, DIE HEMEL IS HIER, MAAR OOK DIE OORDEEL IS HIER!

Dan word Openbaring 21:10 e.v. waar vir u en my!

Ds. L. H. van Schaik

"... Om te oordeel die lewende en die dode"

(2 Tim. 4:1)

Vir byna twintig eeue nou al hou die Christelike Kerk vas aan die belofte van die wederkoms van Jesus Christus — 'n belofte wat vir byna 2 000 jaar al in die Bybel opgeteken staan.

Daar is sommige mense wat daarmee spot, andere het weer daaraan begin twyfel daar is ook diegene wat moedeloos geraak het omdat die vervulling daarvan so lank uitbly.

Tog staan dit onwrikbaar vas en seker,

- die belofte van God is onverbreeklik,
- alles stuur onkeerbaar af op die voleinding,
- aan die einde van die wêreldgeskiedenis kom Jesus Christus weer na die aarde toe om te oordeel die lewende en die dode.

Daarop moet elke gelowige op aarde voorbereid wees, ons geloofslampe brandende, want elke teken van die tyd roep ons toe!

"Maak jou klaar, om jou God te ontmoet, o Israel" (Amos 4:12).

Want Hy kom om te oordeel die lewende en die dode.

Hy kom as Regter wat met mag en majesteit bekleed is, en *almal* moet voor Hom verskyn — almal wat geleef het, en leef, en sál lewe — om volgens hulle dade geoordeel te word, volgens wat hulle tydens hulle aardse lewe gedoen het, of dit nou goed was of kwaad (1 Pet. 1:17; 2 Kor. 5:10).

Op die oordeelsdag sal Jesus Christus op die regterstoel sit om uitspraak te lewer oor die hele mensdom, om skeiding te maak (want dit is wat die woord "oordeel" beteken) tussen dié wat verlore gaan, en dié wat gered word.

Daar sal ontroerende tonele gesien word. Openb. 1:17 sê dat hulle wat Hom deurboor het, in selfverwyte oor Hom sal weeklaag. Sommige sal probeer ontvlug, andere sal hulle wil verberg. In angs en vertwyfeling sal die ongelowiges mekaar vasgryp en uitroep tot die berge en die krans:

"Val op ons, en bedek ons vir die oë van Hom wat op die troon sit, ... die groot dag waarop die oordeel voltrek word, het aangebreek, en wie sal staande kan bly?" (Openb. 6:16,17).

Al die vyande van Christus

- Herodes en Judas Iskariot en Kajafas en Pilatus,
- al die Christenvervolgers en Christus-veragters van die geskiedenis,
- al die ateïste en afgodsdienaars en skyngelowiges,
- almal wat Hom gespot en geminag en geïgnoreer het,

sal uitvind hoe vreeslik dit is om te val in die hande van die lewende God, as hulle in die ewige verderf beland — dáár waar die wurm nie sterf nie en die vuur nie uitgeblus word nie.

Maar net so bitter as wat die ewige oordeel oor die goddelose sal wees, net so heerlik sal die volkome vryspraak van die gelowige wees, as hulle tot Hom geneem word in die hemelse blydschap en heerlikheid.

Sy liefde vir sy kinders op die regterstoel, is niks minder as wat dit aan die kruis was nie. Uit louter genade skenk Hy aan sy uitverkorenes die ewige lewe.

In die heerlike teenwoordigheid van die Here sal hulle die volmaakte geluksaligheid ingelei word om daar vir ewig te verkeer.

Die hemelse blydschap en heerlikheid kan in woorde nie beskryf word nie. Daar sal nie meer honger en dors wees nie. Die smarte van dood en droefheid en geween en moeite sal daar nie meer bestaan nie — God vee al die trane van die oë af (Openb. 21:4).

Uit dié verwagting van 'n heerlike toekoms put die gelowige sy krag vir die lewensstryd.

Dit is ons geloof, en in dié geloof bid ons: "**Kom Here Jesus, ja kom gou!**"

Ds. Pieter van der Walt

Ek maak alle dinge nuut

Met die lewenskoste wat so geweldig hoog is, probeer ons maar om dinge te herstel, reg te maak, sover as dit nog moontlik is. Maar ons kom op 'n punt dat ons nie meer kan herstel nie. Dan is weggooi die voorland.

Die mens kan herstel.

Die mediese wetenskap kan selfs vir ons 'n ander orgaan oorplant. Maar dit bly 'n **ANDER** orgaan. Dit is geen **NUWE** orgaan nie.

Maar nou kom die baie duidelike taal van Christus wat alle mag het in die hemel en op die aarde (Matt. 28:18), die Herskepper van alles wat is, en Hy sê:

"Kyk, Ek maak alles nuut" (Openb. 21:5).

Al die dinge van vroeër het verbygegaan.

Die aarde met sy bewoners!

Die sondige mens
die planteryk
die diereryk
die son, maan en sterre.

Al die dinge het verbygegaan. Hy het nie net kom regmaak nie. Vernietiging was die voorland.

Honger sal daar nie meer wees nie.

Geen trane nie
Geen dood nie
Geen lyding
Geen smart
Geen pyn (Openbaring 21:4).

God kom woon nou by die mense. En God sal self by die mense wees as hulle God (Openb. 21:3).

En dis Hy, geagte leser, wat nou kom sê:

"Kyk, Ek maak alles nuut."

Hy sê "Kyk". Sien maar net om jou alles raak en sien hoedat alles besig is om verby te gaan. En so seker as wat *alles* besig is om verby te gaan, so seker kan ek weet dat God *alles* weer nuut maak.

'n Nuwe mens wat . . .

nie onder die ratte van die tyd gemaal sal word nie
nie meer pyn sal hê nie
nie meer sal huil nie
nie meer teleurgesteld sal word nie.

Maar nou kom my groot vraag aan jou, my gewaardeerde leser, is die enige ware God van die Bybel ook jou God?

Glo jy in God?

Glo jy dat daar geen saligheid is buite Christus nie?

Bid jy tot God?

Kom jy voor Sy troon met jou hartlike dankgebede?

Nie?

Dan sal jy baie ernstig oor jouself moet begin nadink!

Want afgesien van wat nuut gemaak gaan word, gaan die ewige dood ook 'n werklikheid bly.

En waar staan jy?

Maar laat ek nie verder hieroor praat nie. God sê genoeg en baie duidelik in die Bybel wie is hulle wat aanspraak maak op die ewige verderf: "Maar dié wat bang en ontrou geword het, die losbandiges, moordenaars en onsedelikes, bedrieërs en afgodsdienaars en *a/* die leuenaars, hulle lot is die poel wat met vuur en swael brand, dit is die tweede dood" (Openb. 21:8).

Kom, laat ons dan nou die tyd uitkoop, d.w.s. nuttig gebruik en God aanroep as Vader, want Hy is vol ontferming oor almal wat getrou is

"en Ek sal sy God wees, en hy sal My seun wees" (Openb. 21:7).

Ds. Andries Mulder

Christus is aan die kom

(Openb. 22:12)

"Kyk, Ek kom gou!"

Op verskeie plekke in die Bybel sê Christus vir ons: Ek kom weer terug na die aarde toe. Waar Hy gaan kom, en wanneer Hy gaan kom, dit weet ons nie. Al wat ons sonder twyfel weet, is *dat* Hy verseker gaan kom.

Trouens: Hy is al aan die kom! Die koms van Christus, en sy dood aan die kruis speel 'n wesentlike rol in ons lewe. Maar speel die wederkoms van dieselfde Christus eweneens 'n wesentlike rol in ons lewens?

Hy kom gou.

By monde van Johannes op Patmos sê Christus vir ons met 'n aandrang Hy wil kom. Hy is haastig om te kom.

"Ek kom gou" (Openb. 22:12). Wat vir ons gou is, en wat vir God gou is, is twee verskillende dinge.

Ons lees in 2 Pet. 3:8 en 9:

"Vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag. Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mens so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat hulle hulle almal moet bekeer."

- Sien waarom het God se "gou" nog nie in vervulling gegaan nie? Hy is geduldig met ons. Hy wil hê ons moet ons bekeer. Hy gee aan ons geleentheid vir bekering.
- Hebr. 10:37 brei 'n bietjie uit op hierdie "gou" van Christus se koms: "Nog net 'n kort, kort tydjie, en Hy wat kom, sal nie talm nie."

Sy Woord bewaar.

Ons lewe tans in die tyd voor die wederkoms van Christus. Wat wil die Here hê moet ons doen in hierdie tyd totdat Hy kom?

Openb. 22:7 leer ons dat ons Sy Woord ter harte moet neem. Ons moet Sy Woord bewaar. Soos iets wat 'n baie kosbare skat is, moet ons Sy Woord vasklem en nie toelaat dat enige iets tussen ons en Sy Woord te staan kom nie.

Totdat Christus kom, beleef ons in hierdie wêreld oorloë en aardbewings en natuurrampe. Hier voel ons aan ons lyf die listige verleidinge van die Satan en die gevolge van die sonde. Hier word ons heen en weer geslinger deur dood en terreur en hartseer.

En daar is net een ankerplek wat jy het, en dit is die onfeilbare Woord van God — die lamp vir jou voet en die lig vir jou pad. In Luk. 16:31 sê Christus;

"As hulle na Moses en die profete (d.w.s. na die Woord van God) nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand uit die dood opstaan."

Maranata!

Watter reaksie ontketen die wete by ons dat Christus weer kom? Christus is die Bruidegom. Sy kerk is Sy bruid.

Enige bruid ken tog haar bruidegom. En uiteraard is sy lief vir haar bruidegom.

En as die bruidegom vir 'n lang tyd van haar af weg was en sy hoor van ver af sy stem — sy hoor hy sê vir haar: Ek kom!

Wat meer is: Ek kom gou na jou toe! Ek is haastig om by jou te wees! — Wat is die mees

natuurlike ding wat die bruid sal doen?

Vanselfsprekend sal jy na Hom toe roep: Kom! Kom na my toe — sodat ons bymekaar kan wees!

- Ja, kom, Here Jesus! Ons wil die wondmerke aan U hande en in U sy sien! Ons wil met 'n verheerlikte liggaam oorklee wees — sodat ons kan wees soos wat U is! Ons wil U vriendelike aangesig ontmoet.
- Joh. 14:3: "As Ek gegaan en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."

— **sodat bruid en Bruidegom bymekaar kan wees.**

- Bid u nog: Maranata? (1 Kor. 16:22).

Kom Here Jesus! Kom gou!

Ds. A. H. Grové.